

5

MY GESIN

Ons het mekaar lief en ons dien die Here

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die ouers en kinders moet weet dat elke gesin mekaar moet liefhê en die Here moet dien.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die ouers en kinders moet weet –

- die gesin is belangrik vir God en vir die kerk.
- God het die gesin geskep.
- die gesin moet saam vir God dien.

Gesindheid

Die ouers en kinders moet –

- sigbaar omgee vir mekaar omdat hulle as gesin belangrik en spesiaal is vir God.
- as gesin saam die Here dien en iets vir Hom doen.

Vaardigheid

Die ouers en kinders moet saam as gesin –

- huisgodsdien hou.
- gereeld die eredienste van die gemeente bywoon.
- oor die voorreg om aan die Here te behoort, kan gesels.
- gemeenteaktiwiteite bywoon.

MEER INLIGTING (Johannes 15: 12-14; Efesiërs 5: 21-22, 25 en 33b; Efesiërs 6: 1-4; Deuteronomium 6: 4-7; Psalm 27: 4 en 122: 1; Efesiërs 5: 19; 1 Petrus 4: 8-9; Romeine 12: 13a)

Vir die kategeet

Vir hierdie les is dit belangrik om te onthou dat daar kinders uit enkelouergesinne kan wees, of uit gesinne met 'n ouma en/of oupa, oom en/of tannie, of 'n gesin met 'n pa en ma. Daar is toenemend selfs gesinne waar die *ouers* persone van dieselfde geslag is. Die woord *gesin* word in hierdie boek gebruik vir enige van hierdie soorte gesinne.

Onthou ook dat al die lede van die kind se gesin vir hom of haar belangrik is, al bly hulle nie noodwendig in dieselfde huis nie.

Die volgende hoofpunte moet aan die kinders geleer word. Vir dié doel het die kinders reeds die vorige Sondag die opdrag gekry om prentjies by die huis bymekaar te maak en saam te bring. Die prentjies gaan gewys word terwyl die pa's in die gesin telkens die bepaalde Skrifgedeeltes voorlees.

Met bogenoemde in ag genome, het die kinders prente gebring wat die volgende kan uitbeeld:

- Jesus is die bron van alle **liefde**, liefde begin by Hom (Johannes 15: 12-14). Voorbeelde is 'n prent van 'n hartjie of van persone wat sigbaar lief is vir mekaar, of 'n **groter groep mense** (grootmense en kinders) wat opmerklik gelukkig en liefdevol saam is.
- **Ouers** is lief vir mekaar omdat Jesus hulle daarmee help (Efesiërs 5: 21-22, 25 en 33b). Die prente kan wees van 'n pa en ma wat opmerklik lief is vir mekaar.
- **Die gesin** is lief vir mekaar omdat Jesus hulle daarmee help (Efesiërs 6: 1-4). Maak seker dat soveel soorte gesinne moontlik in jou klas uitgebeeld word.
- Die gesin leer met **huisgodsdienst** van God se liefde en hoe hulle moet lewe om God se hart bly te maak (Deuteronomium 6: 4-7). 'n Prent van 'n gesin wat huisgodsdienst hou, sal werk.
- Die gesin leer ook by die **kerk** van God se liefde en daar loof en prys hulle Hom (Psalm 27: 4 en 122: 1; Efesiërs 5: 19). Maak prente van jul gemeente en die kerkgebou beskikbaar.
- Die gesin is **gasvry en vriende** kom kuier by hulle (1 Petrus 4: 8-9). Soek 'n prent van mense wat saamkuier.
- Ons moet ons liefde ook buite die gesin wys deur **ander mense te help** (Romeine 12: 13a). Prente van mense wat mekaar help, kan gesoek word.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- Prentjies wat die kinders by die huis bymekaar moes maak.
- 'n Groot plakkaat.
- Gom.
- Rooi karton.
- Skêre.
- Kokipenne.

KOM ONS BEGIN

Verdeel die gesinne in drie groepe en laat iemand uit elke groep een van die versies van Gesang 532 voorlees.

1.

*Ons Vader, neem ons hande
en maak ons één.
Versterk U self die bande –
gee ons u seën.
Bind ons in u genade aan U, o Heer,
en leer ons om met dade u Naam te eer.*

2.

*Heer, wees vir ons 'n Vader
wat sorg en sien.
Trek ons in Christus nader
om U te dien.
Laat, Heer, u Gees ons voorgaan,
laat Hy ons lei,
dat ons u Woord gehoorsaam –
ons aan U wy.*

3.

*Leer ons mekaar vergewe,
mekaar vertrou.
Laat ons die hele lewe
op liefde bou.
Laat heers oor ons u vrede,
en bind ons saam.
Verhoor tog ons gebede
in Jesus Naam.
Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

- Vind uit of die kinders die volgende woorde nog kan onthou en opsê: *Liewe Vader, ek sê dankie vir die lewe rondom my.*
- Het hulle onthou om prente of foto's van mense, diere, plante en die natuur uit te knip en in hul boeke te plak?

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Die volgende hoofpunte moet aan die gesinne geleer word. Wys die prentjies wat die kinders gebring het. Laat hulle dit groepeer volgens die groepeerings hieronder en dit dan op die plakkaat vasplak. Van die ouers kan telkens die Skrifgedeeltes voorlees.

- Jesus is die bron van alle liefde, liefde begin by Hom (Johannes 15: 12-14).
- Pa en Ma is lief vir mekaar omdat Jesus hulle daarmee help (Efesiërs 5: 21-22, 25 en 33b).
- Pa en Ma moet mekaar help omdat Jesus hulle daarmee help.
- Pa, Ma en die kinders is lief vir mekaar omdat Jesus hulle daarmee help (Efesiërs 6: 1-4).
- Die gesin leer met huisgodsdien van God se liefde en hoe hulle moet lewe om God se hart bly te maak (Deuteronomium 6: 4-7).
- Die gesin leer ook by die kerk van God se liefde en daar loof en prys hulle Hom (Psalm 27: 4 en 122: 1; Efesiërs 5: 19).
- Die gesin is gasvry en vriende kom kuier by hulle (1 Petrus 4: 8-9).
- Ons moet ons liefde ook buite die gesin wys deur ander mense te help (Romeine 12: 13a).

IETS BELANGRIK

Beklemtoon die volgende:

- 'n Gesin bestaan uit almal wat saam in een huis woon.
- Liefde begin by God.
- Die gesin is belangrik vir God en vir die kerk.
- Die gesin moet saam vir God dien.
- Al die lede van 'n kind se gesin is vir hom of haar belangrik al bly hulle nie noodwendig in dieselfde huis nie.

IETS OM TE DOEN

Laat die gesinne bymekaar sit. Gee aan elkeen 'n stuk rooi karton. Laat hulle daaruit 'n hartjie knip waarop genoeg spasie is om antwoorde op die onderstaande vrae neer te skryf. Die rooi hartjie word by Les 5 in die kind se boek geplaas. Laat hulle met mekaar gesels oor die volgende sake. Die ouers skryf dan hul gesin se antwoorde op die vrae neer.

- Hoe gaan ons van nou af vir mekaar wys dat ons lief is vir mekaar?
- Watter gemeente-aktiwiteite gaan ons hierdie jaar saam doen?
- Hoe gaan ons ander mense help?
- Hoe en wanneer gaan ons elke dag huisgodsdien hou?

BY DIE HUIS

- Laat hulle vir hul gesinslede vra om vir hulle elke dag van die week weer die verskillende teksgedeeltes te lees. Laat hulle dan saam bid dat die Here hulle as gesin sal help om dit wat hulle geleer het, te kan gehoorsaam.
- Laat hulle die volgende woorde leer: *Waar daar liefde is, daar is God die Heer* (Gesang 526).

BELANGRIK VIR VOLGENDE WEEK

- Nooi betyds die volgende mense na volgende week se klas toe:
 - Die dominee of die kategetesheer.
 - Die ouers.

- Die kinders kan enigiemand wat vir hulle spesiaal is, saamnooi.
- Reël dat die ouers verversings saambring, sodat julle na die klas kan saamkuier.

AFSLUITING

Die ouers lees Gesang 526 hardop saam terwyl hulle vir hul kind kyk.

*Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.*

(Verduidelik dat die woord *deernis* versorgende, verdraagsame liefde is.)